

26 Junie 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 20

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org
Die Hervormer www.hervormer.co.za
e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

VOORBLAD

Boelies

Verlede week was daar in *Beeld* 'n aangrypende brief van 'n ma wat besef het dat haar seuntjie 'n boelie is. Sy het hom in aksie gesien op die speelterrein.

Die onderwyseresse het gesê dat hulle huiwerig is om sulke gedrag aan ouers uit te wys, want ouers wil nie sommer iets negatief oor hul kinders hoor nie. *Elke pa dink mos sy donkie is 'n resiesperd, sê my een vriend altyd.*

Boelies, mense wat ander, gewoonlik die meer weerloses, afknou, is so oud soos die mensdom self. Daar is wel nuwe vorms van boelie, soos om iemand op die internet of deur middel van selfoonboodskappe te boelie, maar die matelose en magtelose seer wat dit by baie slagoffers teweeg bring, bly ewe erg.

As 'n mens patrone van gedrag of die impak daarvan op ander wil verander, is dit nodig om die feite en versinsels rondom dié tipe gedrag te verstaan.

Tien **versinsels** oor 'n geboelie is: Om te boelie, is normaal, dis bloot 'n oorgangsrite; boelie berokken eintlik geen groot skade nie; boelie is altyd blatant; iemand sal gou ophou om te boelie omdat dit aandag op hom vestig; mense word baie selde geboelie; boelies is onderpresteerders wat 'n lae selfbeeld het; jy kan boelies maklik uitken; boelies is nooit gewild nie en geniet nie groot aansien nie; boelies sal uiteindelik volwasse word en hul optrede ontgroei; boelies sal onvermydelik altyd boelies bly en slagoffers sal altyd slagoffers wees.

Hierteenoor kan 'n mens tien **feite** oor 'n geboelie stel: Om te boelie, is onverskoonbaar en kan nooit afgemaak word as bloot maar net kinderspeletjies nie; om geboelie te word, laat groot emosionele en sielkundige letsels; boelies is baie subtiel en onderduims – boelies doen hul ding buite sig van grootmense, op afgesonderde plekke en in die geheim; boelies kom dikwels weg met wat hulle doen, want die slagoffers is te skaam om dit aan die kaak te stel en blameer eerder hul eie gewaande tekortkominge; een uit elke vyf skoolleerlinge word geboelie en agt persent van kinders sê dat hulle gereeld geboelie word; boelies verfyn hul aanvalstegnieke en ontwikkel doelbewus hul afbrekende ingesteldheid – hulle hou daarvan om berug te wees en dink hulle is beter as ander; boelies kan baie “normaal” voorkom en kruip dikwels agter 'n masker van vriendskap weg; boelies put krag uit hul magspel en dink dat dit vir hulle ook gewildheid bring; om te boelie, lei baiekeer tot kriminele gedrag later in die lewe: bykans 60% van seuns wat tussen grade 6 en 9 as boelies uitgewys is, word aan ten minste een misdaad skuldig bevind teen ouderdom 24, en 40% van hulle aan drie misdrywe.

Naas hierdie tien feite oor boelies is daar egter nog twee ander belangrike sake wat altyd onthou moet word: iets oor slagoffers en iets oor boelies:

Slagoffers moet weet dat as iemand jou boelie, sê sy optrede alles oor hom en niks oor jou nie. Daarom moet jy opstaan vir jou regte en nie stilbly oor wat die boelie doen nie. Praat met iemand wat kan help, want so help jy nie net jouself nie, maar ook ander wat dalk geboelie kan word.

Boelies moet weet dat hul optrede die absolute teenpool is van wat Christus ons leer oor hoe om te leef. Christus het Homself nie verhef nie, maar was nederig diensbaar en selfs bereid om sy lewe ter wille van ander af te lê (Fil 2). Om iemand af te knou, seer te maak, te boelie, is nie iets wat ooit deel moet wees van die lewe van iemand wat homself as 'n Christen beskou nie.

Ds Etienne Fourie

(Gebaseer op 'n artikel van June Hunt, *Bullying*, Rose Publishing 2014)

***** Daar sal nie 'n uitgawe van die e-Hervormer wees op Donderdag 3 Julie nie.**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas.

Beroep ontvang

- **Prof MJ (Bieks) du P Beukes** (emeritus) na Durban-Suid (deeltyds)
- **Ds R (Rue) Hopley** van Rustenburg-Tuine (benoeming) na Rustenburg-Tuine

Vakante standplaas

- **Gemeente Grimbeekpark** in Potchefstroom het 'n werksruimte vir **deeltydse bediening met gedeeltelike versorging** geskep wat **per werksooreenkoms jaarliks gevul** kan word. Die werkopdrag en samestelling van die versorgingsvoordele sal met geskikte aansoekers bespreek word. Benewens blootstelling aan ampswerk in die breë, is die vestiging en uitbou van jeugbediening en die bediening aan jong gesinne die primêre bedoeling van die opdrag. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg asook om die pos te vul wanneer dit geleë is. In oorleg met die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) kan 'n student in sy of haar finale jaar ook oorweeg word. Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van die komitee verantwoordelik vir die beroepswerksaamhede, oudl Phonnies Smit, by pbd.psmitt@offinet.co.za. Aansoeke kan ingedien word **tot 18 Julie 2014**.



Prof Bieks Beukes

Ds Rue Hopley

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na produksie@nhk.co.za. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.



Prof Theo Koekemoer

- **Prof Theo Koekemoer** is in die vroeë oggendure van 26 Junie in sy woning in Pretoria oorlede. Alhoewel oom Theo en tannie Tienie nog selfversorgend was, was sy gesondheid die afgelope maande nie altyd na wense nie. Ons innige simpatie gaan aan mev Koekemoer, die sussies Rika (Steenkamp), Ezelle (du Plooy) en ander familielede.
- **Dr Mariëtte Dreyer**, vrou van dr Hans Dreyer (prof Theuns Dreyer se broer), is Vrydagmiddag 20 Junie in Unitas-hospitaal oorlede. Haar dood is 'n groot skok omdat sy nie siek was nie. Ons innige simpatie gaan aan dr Hans en die familie.
- **Dr Daan van Wyk (sr)** het verlede week 'n knieervanging ondergaan en dit gaan redelik goed met hom. Ons bid hom algehele herstel toe.
- Baie geluk aan **ds Naas Lombard** wat Maandag 23 Junie oupa van 'n kleinseun geword het, en **ds Phillip Horn** wie se kleinseun CJ Dinsdag 24 Junie om 08:00 gebore is. CJ is die eerste kind vir Elrike en Basie Kotze (Elrike is ds Horn se dogter) van Gemeente Hartbeesfontein.
- **Ds Antionette Janse van Rensburg** is benoem na Montana van 1 Januarie tot 31 Desember 2014 – sy is dus nou werksaam by **Noordelike Pretoria en Montana**, en nie meer Wonderboompoort nie.
- **Ds Chris Liebenberg** het toestemming van die Kommissie van die AKV gekry om 'n **gemeente in Nieu-Seeland** te vestig wat in die ring van Waterberg sal ressorteer. Die stigting van die nuwe gemeente sal in oorleg met die Ringskommissie van die ring van Waterberg gebeur. (**Op die foto** is 'n groepie lidmate van die Hawke's Bay-wyk in Nieu-Seeland.)



Lidmate van Hawke's Bay



- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Ouer mense is meer vatbaar vir griep en ander siektetoestande wat in die winter toeslaan en wat meer dikwels ernstige gevolge vir hulle inhou. Hou dus kontak met die bejaardes in jou gemeente en gemeenskap gedurende die wintertyd en dra so by tot hul gemoedsrus. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.
- Die aankondiging van die **einde van die mynstaking** in die platinumgordel is blye nuus. Die omgewing wat daardeur geraak is, is baie dankbaar oor die ondersteuning wat vanuit die Kerk gekom het. Oor die afgelope drie weke het 55 ton kos deur die hande van **Gemeente Buffelspoort** gegaan om in die gemeenskap versprei te word. Hierdie kos is plaaslik aan kerke, skole, kleuterskole en ander belangegroepes gekanaliseer om verder versprei te word. Die krisis wat die omgewing beleef, is egter nog nie verby nie. Baie mense het vyf maande agterstallig geraak met hul leefkoste. Dit gaan hulle minstens ses maande neem om net weer te kan inhaal. Boonop is daar groot onsekerheid oor moontlike onvermydelike afleggings wat nog gaan kom. Ons wil steeds vra dat gemeentes wat bydraes kan bewillig vir die volgende klompie maande in die jaar steeds sal voortgaan met hul insameling. Die kos kan steeds na Buffelspoort gestuur word, waarvandaan dit verder in die gemeenskap van die platinumgordel versprei word. Tans is daar genoeg meel in voorraad. 'n Groot behoefte aan blikkieskos en ander niebederfbare produkte wat in huishoudings gebruik kan word, word tans ondervind. **Finansiële skenkings** kan steeds in die Kerk se **Rampfonds** (Raad van Finansies, ABSA Bosmanstraat, tjekrekening 020 000 287, verwysing 16RAMP + donateur se naam) gestort word, of deur 'n SMS met die woord **Rust** te stuur na 40156. Vir verdere hulp of besonderhede kan **ds Neels van Tonder** gekontak word by 072 633 3367, of per e-pos by nvtonder@vodamail.co.za. In 'n volgende terugvoer sal erkenning gegee word aan die skenkers wat tot dusver gehelp het met bydraes.
- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering van 5 Junie besluit dat 'n **nuwe hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vanaf 1 Januarie 2015 aangestel sal word met **dr Christo van der Merwe** wat in deelydse hoedanigheid aanbly. Die nuwe hoof sal aanvanklik saam met dr Van der Merwe werk.
- **HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**
Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van **Hoof van die HTK** wat gesetel is aan die Universiteit van Pretoria. Die pos moet gevul word vanaf 2015.
Van die Hoof van die HTK sal onder andere die volgende verwag word:
 - Praktijkvorming van teologiestudente met die oog op gemeentelike bediening in die NHKA.
 - Ontwikkeling van 'n toepaslike kurrikulum vir die HTK ten opsigte van praktijkvorming.
 - Ontwikkeling van toepaslike kursusmateriaal vir gemeentes en predikante.
 - Toerusting van ampsdraers en lidmate.
 - Fasilitering van bepaalde prosesse in gemeentes.
 - Ontwikkeling van bedieningsvaardighede van predikante.
 - Ontwikkeling van leierskapsvaardighede.
 - Skakeling met soortgelyke kolleges en opleidingsentra in die binne- en buiteland.
 - Oorhoofse bestuur van die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* in samewerking met die redakteur en redaksie.**Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:**
 - 'n Geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
 - Oor 'n Doktorsgraad in die teologie beskik.
 - 'n PhD in Praktiese Teologie en 'n kwalifikasie in Bestuurswetenskap sal aanbevelings wees.
 - Moet gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings handhaaf en teologiestudente pastoraal kan begelei.



- o Op die hoogte wees van die huidige teologiese diskoers en daaraan kan deelneem.
- o Rekenaarvaardig wees.

Aansoekers moet die volgende dokumente indien:

- o Volledige CV.
- o Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies.
- o Name en kontakbesonderhede van twee referente.
- o 'n Selfevaluering van hoogstens een bladsy.
- o 'n Visie vir die uitbou van die HTK. Inligting oor die HTK is beskikbaar by piet@nhk.co.za.

Van kandidate mag verwag word om 'n MBTI-vraelys te voltooi.

Die pos bied die volgende voordele:

- o 'n Kontrakaanstelling vir 5 jaar.
- o Traktement in lyn met die Kerk se skale.
- o Behuisingstoelaag.
- o Verlof soos per verlofreglement van predikante in die Kerkorde (langverlof is nie van toepassing op hierdie pos nie).
- o Motortoelaag.

Aansoeke moet **voor of op 31 Julie 2014** ingedien word by mnr Piet Beukes, per faks by 086 630 5150 of per e-pos by piet@nhk.co.za.

- **VIDEO-OPNAMES VAN HTK-GESPREEKKE.** Die openbare lesings en tafelgesprekke van die HTK is beskikbaar op DVD. Die volgende kan bestel word:

- o Prof Andries van Aarde: *Fatherless in Galilee*, 13 Maart 2013.
- o Dr Wouter van Wyk: Skrifbeskouing, 12 Junie 2013.
- o Dr Wim Dreyer: Die resente geskiedenis van die NHKA, 7 Augustus 2013.
- o Prof Andries van Aarde: Bybel en Gees, 5 Maart 2014.
- o Prof Andries van Aarde: Het die Kerk historiese-Jesus-navorsing nodig? 16 April 2014.
- o Dr Ananda Geysler-Fouché: Hemel en hel, 21 Mei 2014.
- o Dr Tanya van Wyk: Redding en verlossing, 11 Junie 2014.
- o 2013 VTT – volledige DVD-stel.

Die koste hieraan verbonde is R20 per DVD, wat posgeld insluit. Indien geregistreerde pos verkies word, kos dit R20 addisioneel per versending. Die grootte van die video's maak dit nie prakties moontlik om dit op *Dropbox* of op die webblad te plaas nie. Bestellings kan geplaas word deur 'n e-pos te stuur aan mej Sonet Esterhuizen by diens@diakens.co.za waarin u aandui watter DVD's u graag wil hê, asook u posadres en of u geregistreerde pos verkies. Sy sal dan die betalingsbesonderhede aan u stuur.

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES 17-19 JULIE 2014**

Die 47ste Nasionale Kongres van die NHSV belooft om 'n besondere geleentheid te wees. Die NHSV kom al 'n lang pad saam met die Kerk en het vir talle vrouelidmate oor die jare die geleentheid gebied om diensbaar te wees in die Kerk en om in geloof te groei. Kyk gerus hierdie week op **Kruiskyk TV**. 'n **Onderhoud** wat ds Liesel Krause-Wiid, een van die sprekers by die Kongres, gevoer het **met** die voorsitter van die NHSV, **mev Tessa Coetzer**, word daar uitgesaai. Besoek gerus ook die webwerf www.vrouewatglo.co.za. Hou die programskedule van Kruiskyk TV dop vir meer besonderhede.

- Die **Kerkbybel** is steeds by **SENTIK se Boekwinkel** beskikbaar teen **net R100 (posgeld uitgesluit)**. Kry die volledige 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel, die Liedboek in grootdruk, en die belydenisskrifte in een band. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 / faks 086 633 4054 / sentik@nhk.co.za.

- **HALFDAG SEKRETARIËLE POS: GEMEENTE NABOOMSPRUIT**

- o Volledig Afrikaans en Engels magtig
- o Akkuraat en georganiseerd





- o Vriendelik, eerlik en betroubaar
 - o Rekenaarvaardig
 - o Goeie administratiewe vaardighede
 - o Koördinerer van funksies vorm deel van die pos
 - o Ondervinding sterk aanbeveel
- Handig aansoek in by die gemeentelike kerkkantoor of e-pos aansoek met CV na nhknbs@telkomsa.net
Navrae: 014 743 1325

- **Preekbeurt in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of nhkdullstroom@gmail.com.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 29 Junie om 10:00: Gemeente Weltevreden Emeritaataanvaarding van ds Elsie Pretorius**
Dr Wouter van Wyk sal akte van emeritaat oorhandig en 'n groeteboodschap namens die Kommissie van die AKV oordra
- **Sondag 27 Julie: Gemeente Klerksdorp-Suid Bevestiging van ds Denise Schmidt**
Dr André Ungerer sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig
- **Sondag 14 September: Gemeente Swartkop Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes**
Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree
Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra
Oudl Jan Beukes van die Kommissie van die AKV (en broer van ds Dries) sal ook teenwoordig wees
- **Op 31 Januarie 2015: Gemeente Horison Roodepoort word 50 jaar oud**
Vrydagaand 30 Januarie: Kamermusiek met klassieke musiekuitvoeringe
Navrae aan Jenneke ter Wolbeek by 082 687 2291
Saterdag 31 Januarie: Potjiekoskuier by die kerk
Sondag 1 Februarie om 09:00: Nagmaaldiens
Alle oudlidmate en belangstellendes word hartlik uitgenooi
Navrae aan dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of gnel@nhk.co.za

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 Julie, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Donderdag 26 Junie: Ds L (Leslie) Kern (Ebenhaézer)
 - o Saterdag 28 Junie: Ds ER (Elsie) Pretorius (Weltevreden)
 - o Maandag 30 Junie: Ds JC (Koos) Jansen van Rensburg (emeritus)
 - o Dinsdag 1 Julie: Di WA (Willie) Botha (Lydenburg), MM (Marlize) Gasson (Benoryn) en M (Maryka) Potgieter (Rooihuiskraal)
 - o Woensdag 2 Julie: Ds MJ (Martin) Jansen van Rensburg (Phalaborwa)
 - o Saterdag 5 Julie: Ds C (Carusta) van der Merwe (Nederlandssprekende Gemeente)
 - o Maandag 7 Julie: Ds MS (Marna) Naudé (Swartkop)
 - o Dinsdag 8 Julie: Ds GJ (Geo) Smit (Potchefstroom-Suid)
 - o Donderdag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk jr (Wolmaransstad)
 - o Vrydag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (Zimbabwe)



'n Gedig vir die winter

Winternag

O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.

O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk' grashalm se vou
blink 'n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

Eugène N Marais

(Uit: *Die volledige versamelde gedigte* 2005)

Beplande vergaderings

- o Saterdag 28 Junie: DPS Huisouersopleiding
- o Maandag 7 Julie: Bejaardesorg Finkom

Allegaartjie

Winter is 'n tyd vir gemak, goeie kos en warmte, vir die aanraking van 'n vriendelike hand en 'n geselsie by 'n vuur; winter is die tyd vir jou huis. (Dame E Sitwell)

Kursusse en toerusting

- **Die AGB (Werkgroep vir Bejaardes van die ADV): 12 Julie**
Aanbieding oor bejaardesorg in Mosselbaai vir ring van Swellendam
Bewusmaking van problematiek wat met ouderdom gepaardgaan
Fokus ook op behoeftes van bejaardes
en hoe gemeentes en veral diakonieë en die NHSV kan help
Alle belangstellendes in omgewing van ring van Swellendam welkom
Navrae aan diak Ina van der Westhuizen by 082 851 2572 /
nedhervouteniqua@gmail.com

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
012 325 1857 x202 / www.otmt.org
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264



*Vakansie-akkommodasie
Amanzimtoti-hoofstrand*

Bekostigbare, luukse vakansiewoonstel direk op Amanzimtoti-hoofstrand
 Uiters billike buiteseisoentariere, veilige parkering, braaigeriewe
 Swembad op perseel, alle DStv-kanale
 2 slaapkamers slaap 6 mense
 Loopafstand vanaf winkelsentrum
 Kontak Corrie by 072 209 8809 / corriestrydom1@hotmail.com
 Kantoorure 014 736 5149

Konserte en feeste

- Vrydag 4 Julie om 19:00**
Koos van der Merwe sing *Leonard Cohen in Afrikaans*
 Ten bate van Machteld Postmus-kompleks vir Bejaardes
 Brooklyn-teater, Greenlyn Village-sentrum, Thomas Edisonstraat, Menlopark
 Kaartjies R100
 Beskikbaar by die bestuurder, Jo-Mari Haarhoff, tel 012 346 2418
 Ondersteun ons asseblief!
- Saterdag 23 Augustus: Noordelike Pretoria word 80**
 10:00 in die kerkgebou: Optrede van sangeres Liza Brönnner
 Daarna plaasontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)
 R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en kinders onder 12
 12de Laan 512, Gezina, Pretoria
 Bespreek vroegtydig by Marian Jordaan 082 937 7562
 of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148

Kampe en toere

- Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
 15 dae op die voetspore van die eerste Christene
 Toerleier: Ds Dries Beukes
 012 654 3198 / 083 447 7943
 Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
 012 361 0579 / 082 560 4279 / louise.geyser@absamail.co.za
 Gaan na www.konteks.co.za → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
 vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- Gemeente Rooihuiskraal: 4x4-pretdag vir die hele gesin**
Saterdag 2 Augustus
 'n Kosstalletjie en springkasteel vir kinders met volwasse toesig
 terwyl ouers die roete ry
 Inligting en besprekingsvorms by www.ebs4x4.co.za
- Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
 18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
 Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
 Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017
 of Alida Reed by 082 228 3552
 of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30
 by 011 826 4625



- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen 15-19 September 2014**
Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
Slegs R50
As jy kan doen met 'n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500
- **Gemeente Hartbeesfontein: Wen-wen-wen-kompetisie 2015**
Koop 50 kompetisieboekies (11 kaartjies per boekie) = totaal van 550 kaartjies
Kaartjie kos R100 – dus 50 boekies = R55 000 in kontantwaarde
Betaal slegs R5 000 vir 50 boekies (550 kaartjies)
Samel vir uself, u gemeente, skool, instansie of klub R50 000 in
Verskeie pryse (vleisbeeste, kontant, rekenaar, diamant, ens)
Verkoopte kaartjies moet die gemeente **teen 15 Mei 2015** bereik
Kontak skriba Manus van Staden by 082 707 9398

Basaars en markte

- **Saterdag 28 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
Modeparade met ons eie modelle en gasmodelle
Kom neem deel – kontak Michelle Barnard by 072 034 2024
Kom geniet plaaslike kunstenaar Tertia van Biljon (gratis optrede)
Hoëgehalte vleis teen billike pryse, heerlike eetgoed
Speletjies, springkasteel, snoepie en koffiekroeg
Baie pryse om te wen
Skakel Jan by 083 468 6700 / Louis by 081 744 7893

ANDER NUUS

- **Donderdag 31 Julie 17:00 tot 22:00**
Konferensie: Die Belydenis en die onderwys
By Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
Ligte ete beskikbaar teen R30
Bespreek vooraf vir ete by 012 332 4535 /
kerkkantoor@gkkandelaar.co.za
- **Maandag 13 Oktober 08:30 tot 16:00**
Seminaar: Teks, kateder, kansel
Noordwes-Universiteit Potchefstroomkampus
R350 per persoon voor 1 Oktober
Navrae aan dr Jacobus de Bruyn by 072 606 1661
of Elmien Scott by 018 299 1607
- **Reformed Communiqué: Kwartaallikse nuusbrieff**
Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WGGK)
<http://wrcr.ch/wp-content/uploads/2013/08/0614-ReformedCommunique.pdf>

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskartjie wees nie. Stuur die voorgestelde teks van nie meer as 110 woorde met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui

word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Grote God, U het die son en die maan gemaak
om dag en nag en seisoene van mekaar te onderskei.
Ons kan nie vrugte en blomme pluk
buite die seisoene waarvoor U hulle bestem het nie.
Maar, in u goedheid, Here, het U u liefde en genade
nie óók aan seisoene verbind nie!
U genade is altyd in hoogbloei.
U sê nooit ons moes gister gekom het nie.
Ons hoef nooit om te draai en môre of volgende seisoen
weer terug te kom vir u liefde nie.
Vandag as ons U aanroep, hoor U.
U het lig uit donker gemaak, nie uit mindere lig nie;
en U kan somer maak uit 'n winter,
al was daar geen lente nie.
Enige tyd is die regte seisoen vir u liefde.
Amen.
(John Donne)

(Uit: *Groot Gebedeboek*, Lux Verbi 2002)

